

Jesus het gesterf, sodat ek werklik kan lewe. (1)

Almal wil voluit lewe. Ons wil die vreugde ervaar van mense wat werklik leef.

Maar wat sê Paulus in Galasiërs 2: 19 21? *“Ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê.”*

Ons moet weer hoor wat die ware lewe is. Ons moet leer wat bring vreugde, tevredenheid en vervulling.

Baie mense dink dat rykdom ware lewe bring. Daarom spandeer hulle baie tyd, energie, verhouding-kwaliteit en baie meer, om ryk te word.

Ander dink plesier bring ’n vrolike lewe mee en daarom spandeer hulle die lewe om hulself te probeer bederf.

Ander dink ’n betekenisvolle lewe word bereik deur ’n suksesvolle loopbaan, hoë status, en dit eindig dikwels in hartseer werkverslawing, gierigheid en arrogansie.

Al die bogenoemde lewens-filosofieë het een ding in gemeen: ’n roekelose, desperate en angstige soeke na *“dinge”*, *na goed!* Dan is dit hartseer om te sien hoedat sulke drome baie keer lei na teleurstellings, depressie, uitbranding, woede, siektes en die frustrasies van die onvervuldes.

Christene weet wat dit vra om vervuld te lewe. Ons ken die antwoord op die vraag na die betekenis van die lewe. Ons weet dit gaan oor Jesus Christus, ons liefde vir Hom en ons toewyding aan Hom. En ons weet dat ’n oorfloed van lewe bestem is vir elkeen wat Christus volg as kinders van die hemelse Vader.

Die Skrif sê, *“ Ek is saam met Christus gekruisig.”* Een van die paradokse van die misterie van die Koninkryk is dat om werklik te lewe, moet die *“ou mens”* wat ons was, eers sterf. Die Bybel sê die ou *“ek”*, met al sy tekortkominge en probleme, het gesterf.

In Christus het daar nou ’n nuwe mens opgestaan wat voluit lewe in die vreugde van die opgestane Here.